

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 17: *Yitro* (יתרו) – Jetro

Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Moshe se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Moshe en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה Yisra'el uit Egipte uitbring het. Ex. 18:1 – PWL¹

Torah: Exodus 18:1 tot 20:26.

Haftorah: Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6.

Nuwe Verbond: Matth. 5:17 tot 19; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1 Joh. 2:3 tot 6; 1 Joh. 3:4 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 17 wat afgelaai kan word by: [Parashah17Notas14](#) en [Parashah17Notas15](#) en [Parashah17Notas16](#).

The trouble with most of us is that we'd rather be ruined by praise than saved by criticism – Norman Vincent Peale.

Criticism, like rain, should be gentle enough to nourish a man's growth without destroying his roots – Frank A. Clark.

Next time you meet with your pastor ask him this question: Pastor, if I don't have to observe the Sabbath anymore, is there any other sin you encourage me to do?

Baie sal oor die waarheid struikel en selfs val, maar dan weer opstaan, hulself afstof en met die leuen voortgaan.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Hersiening

Die hoogtepunt van die vorige week se Torahstudie was die deurtog deur die Rooisee wat ook 'n sinnbeeld van die waterdoop deur onderdompeling is.

Die kinders van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant. Ex. 14:22.

In 1 Kor. 10:1 en 2 vergelyk Paulus Israel se deurtog deur die Rooisee met die doop in water.

¹My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, ² almal deur Moshe ingedoop is in die wolk en in die see.

Maar Paulus vergelyk verder ook Israel se wildernistog met ons eie lewenswandel, naamlik dat:

³ almal dieselfde geestelike kos geëet het ⁴ en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. 1 Kor. 10:3 en 4.

Maar dan waarsku Paulus ons om nie dieselfde te doen as Israel tydens hulle wildernistog nie!

⁵Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. ⁶ Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie ⁷ en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." ⁸ Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. ⁹ Laat ons nie ook Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle Hom getoets het en slange hulle vernietig het nie. ¹⁰ Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. ¹¹ Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. ¹² Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Ons moet uit Israel se foute leer, want ons is ook op 'n wildernistog in hierdie wêreld waar Satan as god van hierdie wêreld hom verander in 'n engel van die lig (2 Kor. 11:14). Daarom moet ons waaksaam en wakker wees, want ons vyand, die teëstander, brul soos 'n leeu en loop rond en soek wie hy kan verslind. Hom moet ons teëstaan terwyl ons vasstaan in vertroue en weet dat ons broers en susters oor die wêreld dieselfde lyding ondergaan (1 Pet. 5:8 en 9).

Die wyse wat ons Satan effektief teëstaan en oorwin is om ons eerstens aan YHVH se Karakter en Outoriteit te onderwerp deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua as Koning, Profeet en Melgisédek Hoofpriester vervul is.

⁷Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug. ⁸Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! ⁹Wees nederig, treur en huil.

Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid. ¹⁰Wees nederig voor יהיה en Hy sal julle oplig. Jak. 4:7 tot 10.

Bepeins of Bespreek

1. YHVH-God vereis gehoorsaamheid van elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een is. Daarom sê Yeshua dat as ons Hom liefhet sal ons Sy Woord (Torah) bewaar en dan sal die Vader ons liefhê en beide sal by ons woning maak (Joh. 14:23). YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons elkeen se huis – die fisies gebou en ons liggaam – sal Satan verdryf! Is die groot probleem nie die feit dat die meeste gelowiges hulle nie ten volle aan YHVH onderwerp nie – soos byvoorbeeld om nie al tien gebooie te onderhou nie – en daarom nie oorwinning oor Satan behaal nie?

Die Sinai Afspraak

¹ In die derde maand nadat die kinders van Yisra'el uit die land van Mitzrayim uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom. ² Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan. Yisra'el het daar voor die berg kamp opgeslaan. Gen. 19:1 en 2.

In hierdie week se Torahskriflesing kom Israel by die berg Sinai aan waar YHVH 'n ontmoeting met hulle beplan het. Hierdie was Israel se eerste baie belangrike afspraak met YHVH nadat hulle uit Egipte weg is en op hul tog na die Beloofde Land! YHVH self het hierdie afspraak met Sy volk gereël en die doel was om Homself op so 'n wyse te openbaar dat elkeen, sowel as die nageslagte, die Karakter en Outoriteit van El-'Olam, die Ewige Magtige God, sal ken.

Hierdie Karakter en Outoriteit van YHVH word opgesom in die tien gebooie. Daarom is die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing die gee van die tien gebooie (woorde) wat elkeen wat teenwoordig was direk vanaf YHVH gehoor het en wat steeds deur die eeue weergalm!!

YHVH het Israel op arendsvlerke (Exo. 19:4) na Sinai gebring om daar met hulle 'n bloedverbond te sluit. Tot op hierdie stadium was Israel nog deel van die verbond wat YHVH met Abraham gesluit het en met Isak en Jakob bevestig het.

Die grondslag van hierdie bloedverbond by Sinai word opgesom in YHVH se eie woorde aan die volk, naamlik:

⁵.....as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. ⁶ Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees.... Exo. 19:5 en 6.

YHVH wou van Israel 'n koninkryk van priesters maak; 'n volk afgesonder vir Hom wat in die voetspore van hulle vader Abraham sou stap – voetspore van vertroue en gehoorsaamheid!

Hierdie ontmoeting by Sinai is die enigste keer in die geskiedenis waar die hele Israel 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met YHVH die Almagtige gehad het! Die sowat drie miljoen Israëliete het almal YHVH se stem gehoor en niemand het getwyfel oor wat hulle gehoor het nie, want hulle het dit self direk van God gehoor!

Bepeins of Bespreek

1. Diegene wat weier om die Shabbat te gedenk en om dit te heilig, ‘verander’ (doen afbreuk) aan die Karakter en Outoriteit van YHVH en skep sodoende hulle eie (af)god. Dit is om dan jou eie geregtigheid op te rig waarteen Paulus in Rom. 10:1 tot 3 waarsku!

Manna uit die Hemel

Verlede week se Torahskriflesing het met hierdie woorde geëindig:

35 Die seuns van Yisra'el het die 'man hu' veertig jaar lank geëet totdat hulle in 'n bewoonde land gekom het. Hulle het 'man hu' geëet totdat hulle by die grens van die land Kena'an gekom het. 36 'n `Omer is die tiende van 'n efa. Exo. 16:35 en 36.

Die Hebreëuse letter *mem* (מ - die eerste letter van ‘man hu’) verteenwoordig die getal 40 en die piktogram van *mem* lyk soos ‘n golf en daarom is *mem* ‘n sinnebeeld van water. Dit word vergelyk met ‘n fontein waarvan die waters vanaf ‘n ‘onsigbare’ bron na die oppervlak borrel. Daarom herinner dit ons aan Yeshua se woorde:

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: ‘Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei’ (Joh. 7:38).

In ‘n gesprek met ‘n Samaritaanse vrou by die fontein van Jakob het Yeshua verklaar dat Hy die Lewende Water is!

Yeshua antwoord en sê vir haar: “As jy die geskenk van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: ‘Gee vir My iets om te drink,’ sou jy Hom gevra het vir wat Hy het en Hy sal vir jou Lewende Water gee.” Joh. 4:10.

13 Yeshua antwoord en sê vir haar: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word, 14 maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe.” Joh. 4:13 en 14.

Yeshua is ook die Lewende Torah – die manna uit die hemel – die Woord wat vlees geword het!

57 Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe. 58 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die ‘man hu’ geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.” Joh. 6:57 en 58.

Maar soos reeds genoem verteenwoordig die letter *mem* die getal 40 en hierdie getal is ‘n sinnebeeld van beproewing. Moses het Israel aan die volgende herinner:

15 wat jou deur die groot en verskriklike wildernis gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die harde rots laat kom het; 16 wat jou in die wildernis met ‘man hu’, wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen. Deut. 8:15 en 16.

Israel was vir veertig jaar in die wildernis waar hulle gedrink het van die water uit die rots en met ‘man hu’ uit die hemel gevoed was om hulle nederig te maak en te toets om ten einde aan hulle goed te doen.

Net so bevind ons onself ook in die wildernis van hierdie lewe waar ons moet drink van die Lewende Water en moet eet van die Lewende Woord om ons nederig te maak en te beproef of ons tot die einde sal volhard. Maar na hierdie proeftydperk sal ons soos Israel van ouds ook die Beloofde Land in besit neem! Ons word beproef sodat YHVH, ons God en Vader, aan ons uiteindelik die goeie kan doen!

Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan hom wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die versteekte ‘man hu’ en Ek sal vir hom 'n wit klippie gee en op dié klippie is 'n nuwe naam (karakter en outoriteit) geskryf wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit kry”. Open. 2:17.

Die Shabbat en die Nuwe Verbond.

8 Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou. **9** Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen, **10** maar die sewende dag is 'n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie, **11** want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus; daarom het יהוה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder. Exo. 20:8 tot 11.

Wat leer die Skrifte van die nuwe verbond ons aangaande die vierde gebod, naamlik die Shabbat? Geld Ex. 20:8 steeds, naamlik: *Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou*? Of leer die Skrifte van die nuwe verbond ons dat die Shabbat nie meer van toepassing is op gelowiges wat Yeshua as Messias bely nie?

Die Christendom glo en leer dat die gelowige van die nuwe verbond nie die vierde gebod hoef te onderhou nie. Hierdie geloofsoortuiging is op grond van die siening dat onder die genade van nuwe verbond is die vierde gebod van die Shabbat opgehef en is dit vervang met Sondagaanbidding, naamlik die eerste dag van die week as die ‘dag van die Here’.

Verskeie sogenaamde bewyse hiervan word voorgehou! Onder andere word gesê dat daar nie een teksvers in die nuwe verbond is wat bevestig dat die Shabbat steeds gedenk en afgesonder (geheilig) moet word soos wat God dit in die tien gebooie bepaal het nie.

In die verband word ondermeer Heb. 4:1 tot 11, en spesifiek vers 9, aangehaal as bewys dat die shabbatgebod opgehef is! in die 1953 vertaling lees vers 9 soos volg: *Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.*

Heb. 4:9 word dus deur die Christendom gebruik as ‘n bewys dat die Shabbatgebod opgehef is en dat hierdie teksvers slegs verwys na die rus wat elkeen wat Yeshua as Messias bely, ondervind, naamlik die rus in vergifnis en versoening met God!

Maar is dit die betekenis van hierdie teksvers en is dit wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons in Heb. 4:1 tot 11 leer, naamlik dat die shabbat onder die nuwe verbond slegs ‘n sinnebeeld is van die rus in die genade in Yeshua en daarom, so word geglo, is die vierde gebod opgehef!

Maar dan moet ook gevra word of Heb. 4:9 korrek vertaal is? Is dit nie dalk met 'n teologiese bril vertaal nie, naamlik om te bevestig wat die vertaler se geloofsoortuiging oor die shabbat is?

Die vraag is dus: Wat is die betekenis van sabbatsrus in Heb. 4:9? Is hierdie teksvers dus: Die bewys dat die shabbatgebod opgehef is en met Sondag as 'die dag van die Here' vervang is? Of is dit **die** bewys en bevestiging dat die Shabbat steeds onderhou moet word?

Maar kom ons kyk eerstens na enkele verskillende vertalings van Heb. 4:9:

Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God (1953 vertaling)

*Vir die volk van God wag daar dus nog die **ware rus** – soos God op die sewende dag gerus het (Lewende Bybel).*

Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God (Lewende Bybel).

*There remaineth therefore a **rest** to the people of God (KJV).*

*There remains, therefore, a **Sabbath rest** for the people of God (ISV),*

Die Grieks vir *Sabbatsrus en Sabbath Rest* in Heb. 4:9 is die woord *sabbatismos* (Strong's G4520). Wat is dus die betekenis van *sabbatismos* volgens gesagbehebbende bronne:

Thayer's Greek Definitions:

- *A keeping Sabbath.*
- *The blessed rest from toils and troubles **looked for in the age to come** by the true worshippers of God and true Christians.*

Dakes Annotated Reference Bible:

- *Keeping of the sabbath.*
- *Resting from toils and trouble **in the life to come.***

Easton's Bible Dictionary

- *A Sabbath rest, a rest from all work, a rest like that of God when he had finished the work of creation.*

Fausset's Bible Dictionary

- "There remaineth a keeping of sabbath to the people of God."

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat die vertalings van Heb. 4:9 in die Afrikaanse Ou Vertaling (AOV), die Lewende Bybel, die Nuwe Vertaling, die King James (KJV), die International Standard Version (ISV) en vele ander vertalings met 'n teologiese bril gedoen was – naamlik vanuit die oortuiging dat die shabbatsgebod in die nuwe verbond opgehef is en met Son(dag)aanbidding vervang is!

Nou moet ons vra: Is hierdie 'n doelbewuste misleiding?

Daarom is voorbeelde van die korrekte vertaling van Heb. 4:9 die volgende:

So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou (PWL)

Daar bly dus 'n onderhouding van die Shabbat oor vir die volk van Elohiem (Woord en Getuienis)

So there remains a Shabbat-keeping for God's people (Complete Jewish Bible)

*So there remains a **Sabbath-keeping**^a for the people of Elohim. Footnote: "The Greek word is **sabattismos**, which means **Sabbath-keeping** (The Scripture 2009).*

Maar in Heb. 4:1 tot 11 kom die woord *rus* ook voor in verse 1, 3, 4, 5 (twee keer), 8, 10 (twee keer) en 11. Die vraag is dus: Watter Griekse woorde word in dié verse vir die woord *rus* gebruik en wat is die betekenis daarvan?

¹ *Laat ons daarom vrees dat, terwyl die belofte nog bestaan om in **Sy rus** in te gaan, een van julle te kort sal skiet om in te gaan,*

² *want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertrou nie,*

³ *maar ons wat vertrou, gaan **die rus** in, net soos Hy gesê het: "Ek het 'n eed geneem in My woede, hulle sal nie in **My rus** ingaan nie;" want let op, die werke van God was reeds vanaf die begin van die wêreld af,"*

⁴ *volgens wat Hy van die Shabbat gesê het: "God het op die sewende dag van al Sy werke **gerus**"*

⁵ *en weer hier sê Hy: "Hulle sal in **My rus** nie ingaan nie."*

⁶ *Daar is dus 'n geleentheid dat elke persoon kan ingaan en dié aan wie die goeie boodskap vroeër verkondig is, het nie ingegaan nie omdat hulle nie vertrou het nie.*

⁷ *Hy het weer 'n ander dag bepaal, na 'n lang tyd, net soos wat van bo af geskryf is, soos Dawid gesê het: "Vandag as julle na Sy stem luister en hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie nie,"*

⁸ *want as Y'hoshua, die seun van Nun, aan hulle **rus** gegee het, sou Hy nie agterna van 'n ander dag gepraat het nie.*

⁹ *So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou,*

¹⁰ *want wie ook al in **Sy rus** ingegaan het, **rus** ook self van sy werke net soos God van Syne.*

¹¹ *Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in **dié rus** sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie.*

Die betekenis van die verskillende Griekse woorde wat as *rus* in Heb. 4:1 tot 11 vertaal word, is die volgende:

Die Griekse woord vir *rus* in verse 1, 3, 5, 10 en 11 is *katapausis* (Strong's G2263) en beteken: *berusting, kalmte, stilte*. Dit is dieselfe as die Hebreeuse woord *nuach* soos in Ex. 33:14, (Strong's H5117) en beteken: *to rest, settle down and remain; to repose (verposing), have rest, be quiet*. Volgens Faucit's Bible Dictionary: *rest from weariness: as the ark rested on Ararat after its tossings; as Israel, under Joshua, rested from war in Canaan*. Noag se naam beteken *rus*!

So kan ons byvoorbeeld Heb. 4:3 en 11 vrylik soos volg vertaal:

3 maar ons wat vertrou, gaan die (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte in**, net soos Hy gesê het: “Ek het ’n eed geneem in My woede, hulle sal nie in My **berusting, kalmte en stilte ingaan** nie;” want let op, die werke van God was reeds vanaf die begin van die wêreld af,”

11 want wie ook al in Sy (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte** ingegaan het, sal ook (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte** van sy eie werke ondervind, (soos die ark op Ararat na die vloed en soos Israel onder Josua na die oorloë), net soos God van Syne.

Die Griekse woord vir *rus* in verse 4 en 8 is *katapauo* (Strong’s G2664) en beteken: *tot rus of stilstand kom; ophou, staak*.

So kan ons byvoorbeeld vers 8 vrylik soos volg vertaal:

Volgens wat Hy (Yahuah) van die Shabbat gesê het: “God het op die sewende dag van al Sy werke gerus (katapauo) – tot rus en stilstand gekom; opgehou en Sy werke gestaak”

Met verwysing na Shabbat lees ons in Gen. 2:3 die volgende:

En God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het in ’n God-eie manier.

Die Hebreuse woord vir *gerus* in hierdie vers is *shabath*, (Strong’s H7673) en beteken: *om te hou werk; werk te staak en om te rus*.

Ander Griekse woorde vir *rus* wat in die Skrifte van die nuwe verbond gebruik word is die volgende:

Matt. 11:28 – *Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus (Grieks: anapausis) gee. Volgens Strong’s (G373) beteken dit: Om te rus van vermoeidheid of van tamheid en volgens Thayer’s Greek Definition beteken dit:*

- *To cause or permit one to cease from any movement or labour in order to recover and collect his strength.*
- *To give rest, refresh, to give one’s self rest, take rest*
- *Keep quiet, of calm and patient expectation.*

In 2 Thess. 1:7 lees ons: *...en aan julle wat verdruk word, verligting (rus) te gee.....(AOV); ...en julle wat lyding ontvang, saam met ons, sal lewe (rus) ontvang...(PWL); And to you who are troubled rest with us.... (KJV)*

Die woord *rus* in hierdie vers is *anesis* (Strong’s G425) en beteken: *Ontspanning*. Volgens Thayer’s Greek Definition is die betekenis:

- *A loosening, relaxing (spoken of a more tolerable condition in captivity, to be held in less vigorous confinement).*
- *Relief, rest, from persecutions*

Volgens Fausset's Bible Dictionary is die betekenis: *relaxation from afflictions*. Dit is om te rus van beproewinge.

Let Wel: Die enigste plek in die Skrifte van nuwe verbond waar die Griekse woord *sabbatismos* dus gebruik word is in Heb. 4:9. En die klem van die betekenis van hierdie woord is op die Shabbat en nie op rus nie!!

Daarom is die korrekte vertaling van Heb. 4:9 dus:

So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou.

Heb. 4:9 bevestig dus dat die gelowige in Yeshua as die Messias steeds die Shabbat moet gedenk!

Maar wat wil die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons dan in Heb. 4:1 tot 11 leer?

Vers 10 en 11 bevat die kerngedagte waar hy skryf:

*10*want wie ook al in **Sy rus** ingegaan het, **rus** ook self van sy werke net soos God van Syne. *11* Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in **dié rus** sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie.

Eerstens: Soos wat YHVH gerus het van die werk van Sy skepping; net so moet die gelowige in Yeshua rus van alle pogings om redding deur werke te probeer verdien, maar ons moet rus in die voltooide werk van Yeshua aan die folterpaal. Soos Paulus dit in verskeie van sy briewe baie duidelik stel: Redding is alleenlik deur vertroue in Yeshua en nie deur werke van die Torah (wet) van Moses nie!

Waar is dan die roem? Dit is uitgeskakel. Deur watter wet? Dié van doen van die wet? Nee, maar deur die wet van vertroue. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie. Rom. 3:27 en 28.

Tweedens: Ons hoef nie meer die werke van die offerandes volgens die Torah van Moses te doen nie! In Yeshua is die offerandes volbring – Hy was die eenmalige offer (Heb. 7:25 tot 28). Daarom rus ons in die wete dat die fisiese offerandes van die tempel tot 'n einde gekom het. Yeshua was ook die einddoel van hierdie deel van die Torah van Moses (Rom. 10:4).

Hoewel ons daaglik rus in die voltooide werk van Yeshua moet ons steeds die Shabbat weekliks fisies op die sewende dag gedenk, want soos Heb. 4:9 duidelik sê: *So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou.*

Die onderhouding van die Shabbatgebod gee fisiese rus, maar die werklike seën is geestelik, want ons wat vertrou en gehoorsaam is, en die Shabbat gedenk en afsonder, gaan YHVH se rus in. Hierdie is YHVH se *katapausis*, naamlik Sy berusting, kalmte en stilte te midde van alle omstandighede. Dit is om soos Noag veilig in die ark te wees en na die sondvloed tot rus op Ararat te kom. Dit is om soos Israel van ouds onder die aanvoering van Josua (Y'hoshua die sinnebeeld van Yeshua) tot rus te kom na die oorloë om Kanaän in besit te neem.

Weiering om YHVH se Shabbat te gedenk beteken jy sal nie in YHVH se rus ingaan nie! Dit is om moedswillig een van die tien gebooie te oortree en dit beteken dat daar is vir jou geen genade nie!

26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie, 27 maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer. 28 As iemand teen die wet van Moshe oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien. 29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het? 30 Ons ken Hom wat gesê het: "My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal," sê יהוה; en weer: "יהוה sal Sy volk oordeel." 31 Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val. Heb. 10:26 tot 31

Daar was, en is steeds, die weeklikse Shabbat, maar eendag sal daar die volmaakte ewige Shabbat wees. Dit is die toekomstige rus – die hemelse Shabbat – waarna ons verlang en waaraan ons onself weekliks herinner wanneer ons die Shabbat gedenk. Daar is 'n toekomstige rus waar alles 'n Shabbat sal wees!

Hierdie toekomstige hemelse Shabbat sal 'n ewige rus wees waar ons geen vermoedigheid, hartseer, siekte, verdrukking en sonde sal ondervind nie – 'n rus in die voltooide herstel van alles tot soos dit was voor die sondeval. 'Eden lost; Eden restored'!

Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua. Ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf: geseënd is die dooies, wat van nou af in ons Meester doodgaan, ja, sê die Gees, want hulle rus van hul dade." Open. 14:12 en 13.

Die sewende engel het sy fles in die lug uitgegooi en 'n harde stem het vanaf die tempel, van voor die Troon, uitgegaan, wat gesê het: "Dit is afgehandel." Open. 16:17.

Shabbat is 'n ewige teken en 'n verbond dat ons YHVH se volk is:

12 יהוה het met Moshe gepraat en gesê: 13 "Jy egter, moet met die kinders van Yisra'el praat en sê: 'Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is 'n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder. 14 Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote. 15 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar 'n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet die dood sterf; 16 daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. 17 Dit is 'n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra'el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.'" Exo. 31:12 tot 17.

Bepeins of Bespreek.

1. Diegene wat glo dat hulle vry is van die wet (Torah) sal op vrae soos: *Mag jy steel, mag jy begeer, mag jy moor, mag jy egbreek pleeg of enige derglike dinge doen*, onmiddelik Nee antwoord. Hulle erken dus dat Christene die tien gebooie moet onderhou – al die gebooie behalwe die vierdie gebod van die Shabbat, want hulle glo, en verkondig, dat die Shabbatsgebod opgehef is en vervang is met die eerste dag van die week, naamlik Sondag, "dag van die Here". Die Christendom glo dus inderwaarheid dat daar net nege gebooie is, **want ek het nog nie gelees of gehoor dat die vierde gebod herskryf is om te lees: Gedenk die Sondag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die eerste dag is die Sondag, die dag van die Here jou God; dan mag jy geen werk**

doen nie.... Nee, niemand het dit nog gewaag om dit in soveel woorde te sê nie, maar tog is dit juis wat geglo en verkondig word!!!

2. Dit is ook vreemd dat diegene wat steeds die shabbatsgebod volgens YHVH se onderrig en instruksies eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as onder die wet en daarom van die genade verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is dus hulle redding kwyt? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer?
3. Wat het YHVH gedoen na Hy op die sewende dag gerus het? Die antwoord is in Gen. 2:3

*en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder **omdat** Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het in 'n God-eie manier.*

Let daarop: YHVH God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede YHVH op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het YHVH, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25). Is dit moontlik die rede hoekom YHVH hierdie dag geseën en dit afgesonder het?

4. 'n Volledige studie van die Shabbat kan afgelaai word by: <http://nuwelielied.info/?cat=11>

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.